# Verkry oorwinning





**2025-09-14**

**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Elia vlug vir Isébel

1Kon 19:1 En Agab het aan Isébel meegedeel alles wat Elía gedoen het, ja, alles—hoe hy al die profete met die swaard gedood het.
1Kon 19:2 Daarop stuur Isébel 'n boodskapper na Elía om te sê: Mag die gode so doen en so daaraan toedoen—sekerlik sal ek môre sulke tyd jou siel maak soos die siel van een van hulle.
1Kon 19:3 Toe hy dit sien, het hy hom klaargemaak en ter wille van sy lewe weggegaan. En toe hy in Berséba in Juda aangekom het, het hy sy dienaar daar laat agterbly; 1Kon 19:4 maar self het hy 'n dagreis ver die woestyn ingegaan en daar onder 'n besembos gaan sit en gewens dat hy mag sterwe. En hy sê: Dit is genoeg, neem nou my siel weg, HERE, want ek is nie beter as my vaders nie.
1Kon 19:5 Daarop gaan hy lê en raak onder 'n besembos aan die slaap; en kyk, daar raak 'n engel hom aan en sê vir hom: Staan op, eet!
1Kon 19:6 Toe hy opkyk, was daar aan sy koppenent 'n broodkoek, op warm klippe gebak, en 'n kruik water. En hy het geëet en gedrink en weer gaan lê.
1Kon 19:7 En die engel van die HERE het weer vir die tweede maal gekom en hom aangeraak en gesê: Staan op, eet; anders is die pad vir jou te veel.
1Kon 19:8 Hy het toe opgestaan en geëet en gedrink en deur die krag van die voedsel veertig dae en veertig nagte lank geloop tot by die berg van God, Horeb.

2

## Daar sal aanslae wees

1Kon 19:1  En Agab het aan Isébel meegedeel alles wat Elía gedoen het, ja, alles—hoe hy al die profete met die swaard gedood het.
1Kon 19:2  Daarop stuur Isébel 'n boodskapper na Elía om te sê: Mag die gode so doen en so daaraan toedoen—sekerlik sal ek môre sulke tyd jou siel maak soos die siel van een van hulle.

- **Elia ontvang 'n doodsdreigement**
- **Die vyand wil jou uit die pad kry**
- **Wil jou verdryf**
- **Moedeloos maak**
- **Val jou aan met vrees**

3

## Ons vlug te maklik

1Kon 19:3  Toe hy dit sien, het hy hom klaargemaak en ter wille van sy lewe weggegaan.

- **Elia vlug vir sy lewe en probeer ontsnap**
- **Dieselfde Elia wat oomblikke gelede 450 Baal profete doodgemaak het.**
- **Vergeet ons dalk te gou wie God is en wat Hy vir ons gedoen het?**

4

# In die woestyn

1Kon 19:3  Toe hy dit sien, het hy hom klaargemaak en ter wille van sy lewe weggegaan. En toe hy in Berséba in Juda aangekom het, het hy sy dienaar daar laat agterbly;  1Kon 19:4  maar self het hy ‘n dagreis ver die woestyn ingegaan en daar onder ‘n besembos gaan sit...

- **Wanneer jy vlug en vergeet wat God vir jou gedoen het, gaan jy in die woestyn beland.**
- **Alleen onder ‘n besembos.**
- **Gevare om jou sonder versorging en beskerming.**
- **Is dit waar jy wil wees?**





5

# Elia wil eerder sterf

1Kon 19:4  maar self het hy ‘n dagreis ver die woestyn ingegaan en daar onder ‘n besembos gaan sit en gewens dat hy mag sterwe. En hy sê: Dit is genoeg, neem nou my siel weg, HERE, want ek is nie beter as my vaders nie.

- **Elia wens eerder om dood te gaan.**
- **“Dit is genoeg”**
- **“Neem nou my siel weg Here”**
- **Elia voel hy het nou genoeg gedoen**
- **Moeg vir die lewe**
- **Voel hy het nou alles gegee wat hy kon**

6

## Elia word versorg

1Kon 19:5 Daarop gaan hy lê en raak onder 'n besembos aan die slaap; en kyk, daar raak 'n engel hom aan en sê vir hom: Staan op, eet! 1Kon 19:6 Toe hy opkyk, was daar aan sy koppenent 'n broodkoek, op warm klippe gebak, en 'n kruik water. En hy het geëet en gedrink en weer gaan lê.

- **God stuur 'n engel**
- **Gee vir hom kos en water**
- **Was veilig terwyl hy slaap in die wildernis**
- **Elia sou heel moontlik gesterf het. Wou nie meer lewe nie. Raak aan die slaap om nie weer wakker te word nie.**
- **Word wakker uit sy slaap en vind hy is versorgd (x 2)**
- **God sal jou vind in jou woestyn – selfs al is jy nie waar jy moet wees nie.**

7

## Bonatuurlike krag

1Kon 19:8 Hy het toe opgestaan en geëet en gedrink en deur die krag van die voedsel veertig dae en veertig nagte lank geloop tot by die berg van God, Horeb.

- **God het nog altyd vir Elia voorsien.**
  - **(Kraaie, weduwee se meel en olie, en nou engel met kos water en beskerming)**
- **Elia reis veertig dae en nagte sonder om weer te eet en te drink**
- **God het 'n afspraak met hom gehad.**

Mat 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

8

## God sal jou vind

1Kon 19:9  En hy het daar in 'n spelonk gegaan en die nag daar oorgebly. En kyk, die woord van die HERE het tot hom gekom en vir hom gesê: Wat maak jy hier, Elía?

- **God kry Elia in 'n grot by die berg Horeb (berg van God)**
- **Sy Gees sal jou vind....**

Psa 139:5  U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my.
Psa 139:6  Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie.
Psa 139:7  Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?
Psa 139:8  Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!

9

## Wat maak jy hier Elia

1Kon 19:9  En hy het daar in 'n spelonk gegaan en die nag daar oorgebly. En kyk, die woord van die HERE het tot hom gekom en vir hom gesê: Wat maak jy hier, Elía?

- **God vra vir Elia wat maak hy in die grot?**
- **Hoekom gevlug?**
- **Kon hy nie vertrou het op die krag van God nie?**
- **Is dit 'n plek vir 'n profeet van God om te bly?**
- **Hoekom wegkruip terwyl die mense hom nodig het?**

- **Vra die vraag.... "Is ek waar God wil hê ek moet wees waar ek vir Hom kan werk en 'n verskil maak?"**

10

## Elia maak verskonings

1Kon 19:10 En hy antwoord: **Ek het baie geywer vir die HERE**, die God van die leërskare; want die kinders van Israel het u verbond verlaat, u altare afgebreek en u profete met die swaard gedood, sodat ek alleen oorgebly het, en hulle soek my lewe om dit weg te neem.

- **Baie vir die Here gewerk – sekerlik moeg**
- **Israel is ongehoorsaam – verbond verlaat**
- **Altare afgebreek – God nie meer aanbid nie en Hom verlaat**
- **Profete doodgemaak**
- **Alleen oorgebly. Geen ondersteuning**
- **Geen doel meer nie.**
- **Doodsdreigement ontvang**

11

## God se stem

1Kon 19:11 En Hy sê: Gaan uit en staan op die berg voor die aangesig van die HERE. En kyk, die HERE het verbygegaan, terwyl 'n groot en sterk wind die berge skeur en die rotse verbreek voor die HERE uit; in die wind was die HERE nie. En ná die wind 'n aardbewing; in die aardbewing was die HERE nie.
1Kon 19:12 En ná die aardbewing 'n vuur; in die vuur was die HERE nie. **En ná die vuur die gesuis van 'n sagte koelte.**

- **'n Sagte stem**

1Kings 19:12 And after the earthquake a fire, but the Lord was not in the fire, and after the fire (a sound of gentle stillness and) **a still, small voice**

- **Gentle whisper**

12

## Elia reageer op God se stem

1Kon 19:13  En toe Elía dit hoor, het hy sy gelaat met sy mantel toegedraai en uitgegaan en by die ingang van die spelonk gaan staan. En daar kom ‘n stem na hom wat sê: Wat maak jy hier, Elía?

- **Hy maak sy gesig toe met sy mantel**
- **God se sagte stem het tot Elia deurgedring**
- **Kom uit die spelonk uit**



13

## God reageer op Elia se gebed

1Kon 19:15  Maar die HERE sê vir hom: Gaan terug op jou pad na die woestyn van Damaskus, en gaan heen en salf Hásael as koning oor Aram.
1Kon 19:16  En Jehu, die seun van Nimsi, moet jy salf as koning oor Israel; en Elísa, die seun van Safat, uit Abel-Mehóla, moet jy salf as profeet in jou plek.

- **Elia ontvang instruksies van God af en moes teruggaan.**
- **Gaan salf twee konings en ‘n nuwe profeet**
- **Sy werk is nie klaar nie**

14

## Elia vaar op na die Hemel

2Kon 2:11  En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar.



15

**Oorwinning!**

**Joh 12:24  Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.**
**Joh 12:25  Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe.**

16

**AGS Rayton se Visie**

**"ONS VOLG JESUS CHRISTUS, DIE LIG VAN DIE WÊRELD, DEUR TE WANDEL SOOS KINDERS VAN DIE LIG"**



17

17